FONDSINSAMELING

Ons beplan om vir Woensdag 5 Februarie
'n klompie ribburgers te maak
@ R 35 per burger.

U is welkom om u bestellings voor of op
31 Januarie 12:00 deur te gee aan
Yolandé 084 597 8903 of aan
Jannes 072 224 7181.

Ondersteun asseblief die projek deur waar u woon en werk en leef bestellings te neem –
dit word baie waardeer!

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank Potchefstroom.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 3. Sondag 26 Januarie 2025
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en kategese:
Ouderlinge: Wyk 3 **vakant** en Wyk 4 **Gideon Wentink**
Diakens: Wyk 3 **Rudy van der Spoel** en Wyk 4 **Coetzer Stoop**
Skinkbeurt: Wyke 5 en 6. Wyksusters Dina Coetsee en Ineke Bakker

EREDIENSTE Albei dienste gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00
Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Woordbediening: Genesis 4:1-16; Romeine 12:1-21.
Fokusverse: Genesis 4: 6, 7.
TEMA: ***In ons bedruktheid oorwin ons deur God se ontferming die kwaad met die goeie.***
Sing: Psalm 25:1, 8; Psalm 40:1, 2; Psalm 32:2, 3, 4; Psalm 42:6, 7; Psalm 30:3, 8.
Sing met meelewing: Psalm 128: 4.

AAND: Woordbediening: 1 Korintiërs 7.
Fokusverse: 1 Korintiërs 7:14 (vgl. Genesis 17:7; Handelinge 2:39).
Belydenis: Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1, paragraaf 17.
TEMA: ***Die vreugdesang van verbondsouers by die graf van 'n jong verbondskindjie***
Sing: Psalm 105:2, 3; Psalm 81:1, 2, 12; Skrifberyming 11-1: 9, 10, 11[22]; Psalm 105:1, 5; Skrifberyming 10-2:1 (na die wegstuurseën).

KOLLEKTES VANOGGEND: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir ***Teologiese Studentekas***
VANAAND: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI)
Volgende week se Spesiale kollekte is vir Kerklike Tydskrifte.

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegvoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

Ons maak met leedwese bekend dat **Rieks Greeff Coetzee** Dinsdagoggend oorlede is. Sy was 'n suster van (ouderling) Danie Erasmus en emeritus Dr Kobus Erasmus. Sy laat ook twee susters na, van wie Susan Davel aan baie van ons bekend is. Ons betuig hiermee ons diepe meegevoel met al Rieks se dierbares. Mag ons hemelse Vader deur sy Woord en Gees ryke vertroosting gee. Die teraardebestelling en troosdiens het Vrydag plaasgevind.

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Anita Stavast sterk aan na operasies aan beide voete.

Loffie Eloff is Donderdag uit Medikliniek ontslaan en sal, nadat die dokter uitslae van die diagnostiese prosedure ontvang het, op verdere behandeling besluit.

Tillie Eloff ondergaan Dinsdag 'n knievervangings-operasie in Medikliniek.

Susan Coetzee het die afgelope week 'n afspraak by die ortopediese chirurg gehad. Ons is dankbaar dat geen ingrypende behandeling nodig is nie; die rehabilitasieplan is net aangepas en Susan moet nou gereeld deur die biokinetikus behandel word.

Die verwagting bestaan dat **Fanie Jooste** Dinsdag of Woensdag 'n operasie in die Kloof Hospitaal sal ondergaan om die hoëdruk hidrocefalus te behandel.

Danie Stoop ondergaan Dinsdag 'n prosedure in Medikliniek. Hy sal DV dieselfde dag weer ontslaan word.

Magda Pelser-van der Merwe het 'n allergiese reaksie gehad om die medikasie wat by die ooginstituut voorgeskryf is. Ons is dankbaar dat daar al verligting van simptome mag wees. Sy het Donderdag 'n afspraak met die plaaslike oftalmoloog gehad.

VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in Januarie 2025 hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

ALMANAKKE:

Indien daar nog lidmate is wat die GKSA Almanak vir 2025 bestel en geneem het en nog nie die R130 betaal het nie, sal u die betaling asb so gou moontlik doen?
U kan dit kontant by die kerkkantoor betaal of in die kerk se rekening inbetaal met u naam as verwysing.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Ma	27/01	**Hendra Bouwsema,** Wyk 7
Vr	31/01	**Lenie Bouwsema,** Wyk 10
		Riana Serfontein,. Wyk 4
		Martin van der Berg,. Wyk 10

WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?



Die Susters van wyke 5 en 6 nooi almal uit
om na die erediens 'n koppie tee of koffie
in die kerksaal te kom geniet

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
Di	28/01	08:00	Agendastukke vir kerkraadsvergadering	Kerkkantoor
		15:00	Bybelstudie – Huis Eikelaan	Rooi sitkamer
Wo	29/01	18:00	Finansiële kommissie Begrotingsvergadering	Konsistorie
		18:00	Bybelstudie (Markus – Studie 6)	Konsistorie
So	02/02	19:00	Diakonie vergadering	Konsistorie
So	09/02	09:30	**VOORBEREIDING**	
			Kerkraad-en Diakonievergadering	Kerkgebou
			Kerkraad (verslagvergadering)	Kerkgebou
So	16/02	09:30	**NAGMAAL en GEMEENTE-ETE**	

KATKISASIE	Sondag 26 Januarie	Sondag 2 Februarie
Hoërskoolkatkisasie	Les 1	Les 2
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Les 1 Psalm38: 17 Sondag 1 Onse Vader, aanhef	Les 2 Psalm38: 17 Sondag 2 Onse Vader, 1st bede

- Hoërskoolkatkisante word herinner dat ons Sondagoggend 08:30 in die Bovertrek bymekaarkom.
- Laerskoolkatkisante word herinner dat ons Sondagoggend na die erediens en so ’n 10 minute breuk om net die kele nat te maak in die Bovertrek open en daar katkisasie het.

BYBELSTUDIES

Dinsdag om 15:00 by Huis Eikelaan in die Rooi Sitkamer.
Woensdag om 18:00 in die konsistorie.
Almal is by beide hierdie geleenthede hartlik welkom.

VAN ONS SUSTERS

Goeiemôre Susters

Onthou asb om agter te bly na die oggenddiens sodat ons gou die nuwe Voorsitter vir die Susters kan kies.
Ds Jannes gaan die verkiesing waarneem en ons gaan by wyse van hand opsteek stem nadat nominasies gemaak is.
Al die susters wat genomineer is vir die bestuur kan genomineer word.
Die genomineerdes is:
Salome Kruger, Brechtje Jooste, Yolande van Dyk, Ina Roos, Ineke Bakker, Wymie du Plessis, Magda vd Merwe, Anita Stavast, Marli Nortjé, Elsa Reinecke, Alta Pretorius